

## Curriculum Vitae – Dr J C Hendriks

Dr. Kobus Hendriks is op 24 Augustus 1948 op Heilbron in die Vrystaat gebore en matrikuleer ook daar in 1966. Hy behaal die graad BV,Sc in 1971 en praktiseer as veearts in Kroonstad van 1972 tot 1985. In 1985 verhuis hy terug na Heilbron en neem in 1986, na sy vader se afsterwe, die boerdery oor en begin voltyds boer waar sy veeartseny en embryo kundigheid effektief toegepas word. Hy bestuur vanaf 1 Maart 1996 die boerdery van die Kobus Hendriks-Bestuurstrust, wat sedertdien herstruktureer is na Inovula (Edms) Bpk. Die bestuur van INOVULA word in Mei 2015 oorgeneem deur sy seun, Jaco Hendriks en Dr Kobus Hendriks word adjunk-besturende direkteur. Hy bly in beheer van die suiwelafdeling.

### Embrio baanbrekerswerk

Na privaatstudies, in veral Denemarke, doen hy op **28 Desember 1976** die eerste suksesvolle nie-chirurgiese embrioversamelings en -oorplasinge in Suid-Afrika.

In **1980** vries hy die eerste bees-embrios op plase in SA en doen ook die eerste splitsing van embrios.

Hy vries in **1992** die eerste embrios in SA vir direkte oorplasinge en dit open nuwe deure vir die praktiese uitvoering van embryo-oorplasinge op plase.

Hy word allerweë beskou as die pionier van embryo-oorplasinge in SA.

### Suksesvolle Suiwelboer

1989: Word aangewys as *Bewaringsboer van die Jaar*.

1991: Verkoop sy Rooi Angus-stoet en koop die behorende belang in Spitsvuur-Holsteins. Deur die toepassing van sy professionele kennis in die boerdery, het hy vinnig bekendheid verwerf as leierboer.

1992: Word gekies as die Landbouskrywersvereniging se *Vrystaatse Boer van die Jaar*.

1991 tot 2003: Word hy elke jaar aangewys as *Meestersuiwelboer van die Vrystaat*. Deur op grootskaal gebruik te maak van embryo-oorplasinge in die Spitsvuurkudde, het die kudde geneties die voortreflikste kudde in die land geword.

1998, 1999, 2000 en 2007: Ontvang Spitsvuur-Holsteins die toekenning van die SA Holstein Genootskap vir die *Hoogste Teelwaarde-indeks* in die land, volgens die BLUP-ontledings.

1998 Dr Hendriks word aangewys as die senior wenner in die *NCD Boer van die Toekomstige Eeu*-kompetisie.

1998 Die plaaslike boerderygemeenskap (Heilbron Distriklandbou-unie, waarvan hy sedert 1990 'n lid is) vereer hom met 'n meriete toekenning vir jarelange uitstaande bydraes gelewer aan die landbougemeenskap van Heilbron.

2001 Die Landbouskrywersvereniging wys hom aan as die vereniging se *Sentrale Streek se Boer van die Jaar* en later dié jaar as die *Nasionale Boer van die Jaar*.

2003 Aangewys as die *Suider-Afrikaanse Melkbeesstoetteler van die Jaar*. Die Spitsvuur-stoet verower ook al verskeie jare die toekenning vir die hoogste of naashoogste produksies in SA. Die prestasie word weer in 2010 herhaal met 'n gemiddelde hoogste produksie in die land, (volgens die LNR se syfers) oor 305 dae van 13 864 kg melk met 506 kg bottervet (3.65%) en 441 kg proteïene (3.18%) met 'n tussenkalfperiode van 462 dae. Hiermee verower die Spitsvuurkudde sewe toekennings: vyf eerste plekke, een tweede en een derde plek.

2009: Dr Hendriks weer aangewys as *Meestersuiwelboer van die Vrystaat*.

Later dié jaar word Spitsvuur ook die eerste kudde in die land om 352 koeie en 150 bulle se DNA genomies te ontleed en geneties voorspelde data van die diere te kry. Dit is volgens kenners 'n groter deurbraak as toe daar met KI begin is.

Eie genomies getoetste bulle word tans op groot skaal in die Spitsvuurkudde gebruik met uitstekende resultate. Alle jong bulle word steeds genomies ontleed.

2012: Word aangewys as *Nasionale Meestersuiwelboer van die Jaar*.

2014: Behaal 'n rekordverkoopprys van R200 000 vir 'n genomies-getoetste Holsteinbul, Spitsvuur Spits-Superstar A1826.

2014: Ontvang erkenning vir sy bydrae tot *Uitmuntendheid in die suiwelbedryf* deur 'n spesiale toekenning van die MPO *Ter huldiging vir leiding en onbaatsugtige opofferings in belang van die suiwelbedryf*.

2015: Dr Hendriks weer aangewys as *Vrystaatse Meestersuiwelboer*.

2015: 'n Verdere onderskeiding deurdat Dr Hendriks as een van die Megaboere op die eerste reeks van die gewilde Kyknet-program *Megaboere* verskyn het.

2016: In die Dairy Mail van Junie 2016 word aangekondig dat Inovula se Spitsvuurkudde 11de in die wêreld was met die *Gemiddelde hoogste melkproduksie, % bottervet en % proteiene, per 305-dag laktasies*.

2016: Word die kudde aangewys deur SA Stamboek by sy Elite Suiwelboertoekennings as die *Holstein Kudde met die Beste Funksionele Kuddelewe*, en die kudde met die *Hoogste Genetiese Vlak*, asook Elite Goue Toekenning wat hom laat kwalifiseer as *finalis vir die Nasionale Elite Suiwelboer vir 2016*. Verder wen Inovula die *Kwagga Boerdery Wisseltrofee vir die Hoogste Produksie van Vet Gekorrigeerde Melk per dag van Kalfinterval in Suid-Afrika*.

2017 Inovula weer aangewys as die *Elite Beste Genetiese Suiwelkudde in die Vrystaat* sowel as *Suid-Afrika* en weer verkies as die *Vrystaatse Elite Suiwelkudde*.

2018 Word Inovula weer aangewys as die *Elite Beste Genetiese Kudde in die land*.

2019 Dr Hendriks, as toegewyde genetiese en kuddebestuurder van Inovula, is weereens beloon deurdat hy deur Stamboek in September 2019 aangewys is as die *Elite Suiwelboer van die Vrystaat*. Die *Elite Genetiese Beste Funksionele Kuddelewe* en *Die Hoogste Genetiese Vlak vir Holsteins in die Vrystaat* is ook aan Inovula toegeken.

## **Clover en Nasionale betrokkenheid**

- Dr Hendriks het vanaf 1990 tot April 2014 in die direksie van NCD, later Clover Industries Limited (CIL), gedien.
- In NCD was hy lid van die Voorsitterskomitee, die Bestuursadvieskomitee, die Melkpryskomitee en die Ouditkomitee.
- In Clover, wat genoteer is op die JSE, het hy in die Nominasiekomitee en die Groep se Sosiale en Etiese komitees gedien.
- Hy was trustee van die Clover Melkprodusente Trust.
- Van 1990 tot 2004 hoofbestuurslid van die Melk Produsente Organisasie (MPO) van die Vrystaat en het daar in die dagbestuur gedien.
- Outeur van die Clover Voermandjie wat nasionale voerkostes van melkkoeie monitor.
- Hy was baie nou betrokke by die ontwikkeling van die melkkotastelsel van NCD.
- Hy woon die kursusse by om die CPM- en CNCPS- programme oor gevorderde voerformulering te kan hanteer en is op die hoogte van die NRC-standaarde, wat in 1992 gepubliseer is. Hy woon ook die satellietkursus by om die program te hanteer.
- Hy is op die hoogte van die nuwe AMTS voerformulering en bestuursprogram en werk nou saam met Cornell Universiteit via die outeurs van die program in die VSA en is deur Meadow, Afgri en Alltech gebruik as deskundige om advies te gee oor kuddegesondheid en voedingsaangeleenthede.
- Hy het van 2003 tot 2007 in die direksie van DIMSSA gedien en is steeds betrokke by die ontwikkeling van die suiwelbestuursprogram.
- Hy is lid van Pro Agri wat as onafhanklike groep daarop ingestel is om landbou in geheel in Suid-Afrika te bevorder en uit te bou met volle deelname van almal in die land.

## **Buitelandse blootstelling en wyer boerderybelange**

Boeredae is gereeld op die plaas gehou en studiegroepe en studente besoek die plaas dikwels. Verskeie buitelandse besoekers en toergroepe besoek die plaas gereeld en so word waardevolle kennis uitgeruil.

- Dr Hendriks was gereeld betrokke as kundige op die gebied van boerdery-, arbeids- en voedingsbestuur en het as praktiese veearts en embriospesialis lesings aangebied op boeredae, by landbou- en veteriniere kongresse.
- Hy was ook voedings- en kudde-gesondheidskonsultant vir verskeie groot suiwelboerderye.
- Hy bied verskeie lesings aan oor spoorelemente se belangrike rol in melkbeesvoeding.
- Hy is mede-outeur van 'n wetenskaplike artikel *Katoensaadvergiftiging in Melkkoeie* saam met S Slippers en prof L Prozesky, wat by AFMA (African Food Manufacturers Association) aangebied is en ook gepubliseer is.
- Dr Hendriks is ook as deskundige gebruik om protokolle vir navorsing te evalueer vir die navorsingskomitee van Onderstepoort, Universiteit van Pretoria.
- Hy het al drie toere na die VSA en drie na Holland gewen en dit gebruik as studietoere.
- Hy besoek Frankryk in 2007 as gas van LFA en onderneem 'n uitgebreide studietoer deur voedingsaanlegte en suiwelboerderye.
- Dr Hendriks is namens Clover afgevaardig na die International Dairy Federation (IDF) in Denemarke, Australië en Ierland en het by dié geleentheid ook uitgebreide tegniese toere insake die suiwelbedryf meegemaak.
- In 2007 woon hy ook die Internasionale Mastitis Kongres, wat by Dublin Universiteit aangebied is, by.

Dr Kobus Hendriks is gebore en getoë as boerseun en met sy veeartensenykundige opleiding en ervaring in kuddegesondheid en reproduksiebestuur, asook die blootstelling aan verskeie plaaslike en internasionale suiwelbestuurspraktyke en besigheidsbestuurmodelle het dit hom geskool om die Spitsvuurkudde te laat ontwikkel tot een van die beste suiwelkuddes in Suid Afrika. Sy kennis van voeding en genetika het optimale suiwelkuddebestuur moontlik gemaak.

Die tegnologie van embryo-oorplantings het tot gevolg gehad dat daar meer as 6 000 embryos in die kudde oorgeplaas is en meer as 3 500 embryo-kalwers tot die kudde toegevoeg is. Die genetiese basis van die kudde is versterk deur die gebruik van die wêreld se beste genetika deur ingevoerde embryos en semen, en die versameling van embryos van superior skenkerkoeie.

Dié streng seleksie uit die uitgebreide genepoel, het tot gevolg gehad dat 'n plaaslike genetiese poel opgebou is wat aangepas is by die geharde Suid-Afrikaanse omgewing. Semen is van meer as 90 top genomies getoetse bulle gevries en is in die kudde gebruik. Deur die jare is dié seleksie versterk met bulle wat op gelyke vlak kan kompeteer met die bestes in die wêreld. Diere is sedert 2009 op groot skaal genomies ontleed en saam met Logix se prestasiedata word die bestes geselekteer. Dit, saam met 'n uitgebreide embryo-oorplantingsprogram het bygedra tot die feit dat Spitsvuur sedert die laat negentiger jare erken word as die beste genetiese kudde in SA.

Dr Hendriks het die Spitsvuur Ekonomiese Seleksie Indeks (SESI) ontwikkel. Dit is saamgestel uit genomies voorspelde teelwaardes wat deur die werklike prestasiedata versterk word. Dié indeks fokus op eienskappe wat elkeen 'n sekere persentasie ekonomiese impak het, en saam bydra tot die SESI indeks waarde wat die winsgewindheid van die spesifieke dier aandui.

Spitsvuur Hosteins is inderdaad aan die *Spits van Moderne Genetika*.